

ELFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

LEESROOSTERTEKSE VIR DIE WEEK:

PSALM 124
EKSODUS 1:8-2:10
MATTEUS 16:13-20
ROMEINE 12:1-8

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Dankie vir wat ons vrouelidmate vir ons beteken.

Ons doen ook voorbidding vir lidmate wat as gevolg van COVID-19 finansiëel en emosioneel baie swaar kry.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. In lyn met die regering se besluit is alle eredienste en byeenkomste opgeskort tot verdere kennisgewing.
2. Video's van al die preke sedert inperking, is op die webwerf www.ngkeike.co.za beskikbaar. Gaan lees dit gerus of kyk daarna.
3. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
4. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
5. Daar vind 'n Kerkraadsvergadering plaas op 26 Augustus 2020 om 18h00 in die kerk.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van 'n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag 'n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat.

LEAARS – PASTORALE BESOEKE

Beskikbaarheid van die dominees: ons leraars was die hele Grendeltyd telefonies beskikbaar, maar gaan nou ook op afspraak (weereens met al die nodige protokol in plek) beskikbaar wees by 'n gesteriliseerde vertrek in die kerkkompleks. Skakel maar jou dominee as jy hom wil sien, hy sal met die kantoor 'n tyd reël en dan kan julle mekaar daar ontmoet. Ja, ons weet dis effe onpersoonlik, maar dis die beste wat ons nou kan doen!

Kontak die leraars by die volgende nommers:

- Ds Hannes Burger – 021 903 1798
- Ds Chris Barnardo – 021 982 7076
- Ds Johan Morkel – 083 398 8345

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is oop vir lidmate om te besoek. Die kantoorure is Maandag tot Vrydag 8:00 tot 12:00. Die nodige protokolle sal gevolg word (maskers, handreiniging, ens.) en slegs 2 besoekers sal per geleentheid in die kantoor toegelaat word.

GEMEENTENUUS

1. Hettie Groenewald (Kannabasstraat) is in die week oorlede.
2. Baie welkom aan Hanro Kotze wie se lidmaatskap vanaf Heidekoppie ontvang is.
3. Doris Adamac (Othello) vier die week haar 90ste verjaardag. Doris is 'n lidmaat van die Rooms Katolieke Kerk. Sy skakel egter volledig by De Eike-gemeente se aktiwiteite in. Ons wens haar baie geluk met hierdie groot mylpaa!
4. Charles Immelman (De Keurboom Villas) sterk aan by die huis nadat hy 'n groot operasie ondergaan het.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 16/08 Christine van der Merwe, Albert Marais, Bettie van der Watt, Marlene Kruger, Hanlo Naude
- 17/08 Mattie Oosthuizen, Monique Penderis, Marisa Gobregts, Rynard Summers
- 18/08 Rina Nel, Susan Weber, Mila van der Merwe, Anna-Marie Schäfer, Jeanru van der Merwe, JG Nel, Johnny MacArthur, Zylan de Bod
- 19/08 Esli Triegaardt, Tys Bester, Anita Jacobs, Mike Hagen
- 20/08 Adam Clark, Hannah Neethling, Doris Adamac
- 21/08 Ruben Anthonissen
- 22/08 Esther van Eeden, Elize Mulder, Lize Small

AKSIE SAMARITAAN EN SOPKOMBUIS

Aksie Samaritaan en die Sopkombuis benodig die volgende:

- Weggooibare bakkies met deksels (verkieslik 500ml Joghurt) om sop in te bedien.
- Hulle benodig bakkers en strooiers om op 'n Vrydagoggend vanaf 07:30 tot 12:00 te help pannekoekbak en suiker strooi. Die pannekoek word in Moedergemeente se saal gebak. Kontak vir Jacomina Swart by 082 453 3862.
- Aksie Samaritaan benodig dringend mense wat kan help maskers maak, die materiaal word verskaf.
- **Sopbeurte** vir 20 Augustus 2020:
 - Hannelie van der Westhuizen, Engela Franken, Irma van Schalkwyk, René van Schalkwyk, Christelle Smit, Corla Gericke

AKSIE SAMARITAAN

PANNEKOEK PROJEK

Danksy ons pannekoek deeg is minder van Kuilsrivier se honger magies leeg!



Slegs R5
Vrydae 08h00 - 12h00
NGK Kuilsrivier syaal
in Van Riebeeck weg



Indien u vooraf wil bestel, plaas u bestelling by 073 655 3816 op Donderdae voor 17h00.

Opbrengs ten bate van Aksie Samaritaan se werk onder die haweloses van Kuilsrivier.

DE EIKE ROADHOUSE BASAAR

De Eike se lidmate het my aanvanklik bekommerd gehad toe die bestellings vir die Roadhouse basaar maar stadig ingekom het. Julle het egter uit die blokke gekom en 245 bestellings later het ek verbaas, maar dankbaar, gestaan.

Nou is die groot vraag op almal se lippe – hoe gaan ek te werk om my bestelling op te tel die oggend van die 22 ste. Die prosedure gaan soos volg werk.

Lidmate ry in by die hek in VAN DER HEEVER STRAAT (aan die kant van die torings). By die hek sal 'n afskrif van jou bestelvorm en 'n nommer aan jou oorhandig word. Jy gaan parkeer jou motor en wag asseblief in jou motor. (Ongelukkig kan geen lidmate in die kerkgebou toegelaat word vanweë die inperkingsmaatreël nie, slegs die werkers.) 'n Kelner sal jou bestelvorm by jou kom haal (in nommervolgorde natuurlik), hy/sy sal dan die items op die bestelling bymekaar maak by die onderskeie tafels in die saal en daarna die bestelling na jou motor bring waarna jy die kerkgrond verlaat deur die hek in PIONIER STRAAT. Jy is baie welkom om die kelner se goeie diens en harde werk met 'n footjie te beloon.

Bestellings kan tussen 10:00 en 12:00 afgehaal word. Soos hierbo genoem is daar 245 bestellings ontvang. Ons wil lidmate mooi vra om asseblief nie almal te verwag dat hulle hul bestelling om 10:00 gaan kry nie. Dit gaan absolute chaos wees as almal om 10:00 daar opdaag. Daarom doen ons 'n beroep op lidmate om ons behulpsaam te wees en by die volgende reëling te probeer hou.

Lidmate wie se van met letters A tot L begin, kom haal hul bestelling tussen 10:00 en 11:00 af, terwyl die res, M tot Z, tussen 11:00 en 12:00 'n draai by die kerk kom maak.

As jy 'n mandjie of boks het wat jy kan saambring sodat die bestelling daarin verpak kan word, sal dit ons baie help. Die plan was om bierboksies by die drankwinkels te kry, maar nou ja, selfs dit is tans nie moontlik nie.

Dit is die eerste keer in De Eike se geskiedenis dat ons op hierdie manier 'n basaar hou. Ons vra dus almal se samewerking en geduld. Baie dankie by voorbaat.

VIRTUELE VEILING

MOBIELE KOMBUISEILAND

Hierdie pragstuk is van Dolfhout (Namibiese Kiaat, wat algemeen in Suid-Angola voorkom) gemaak, en is maklik hanteerbaar om jou kombuisoppervlakte te vergroot. Dit loop op 4 wiele, waarvan 2 sluitbaar is. Dis ewe handig in die braaikamer, werkskamer of naaldwerkkamer as in die kombuis.



Die afmetings is soos volg:

Hoogte: 90.5 cm

Breedte: 64 cm

Lengte: 86.5 cm.

Soos jy op die foto kan sien, is dit 'n pragtig afgewerkte spogstuk. Jy kry ook 'n granietsteen wat as snyplank of potstaander gebruik kan word.

Hierdie eiland gaan nou per virtuele veiling verkoop word (lidmate gaan van tyd tot tyd op hoogte gehou word van hoe die bod vorder) – jy kan jou bod aan Mariana stuur by ngkeike@cybersmart.co.za of in 'n geseëde koevert by die kantoor afgee.

Die sperdatum vir aanbiedinge is Vrydag 21 Augustus 2020. Dink net hoe lekker gaan hy in jou kombuis werk!

Ns. Indien die reserwe prys nie gehaal word nie, sal dit teruggehou word.

VROUEDANKOFFER

Die Kommissie vir Vrouelidmate samel gewoonlik 'n Vrouedankoffer in gedurende Vrouemaand.

'n Dankbare vrou kan uitgeken word aan die volgende eienskappe:

- *Sy is altyd dankbaar vir die oorvloedige seëninge in haar lewe.*
- *Sy bewys altyd haar waardering aan diegene wat haar help.*
- *Sy verkies om te fokus op dít wat sy het, eerder as op dít wat sy kortkom.*

(uittreksel uit 'n artikel deur Chanèle McFarlane)

In Augustus-maand vier ons ons vroues. Ons is tog dankbaar om vrouens te wees en/of om vrouens in ons lewens te hê.

Dit is ons gebruik om in Augustus 'n Vrouedankoffer op te neem. Ons kan nie hierdie jaar van Vrouedankoffer-koevertjies gebruik maak nie, maar wil steeds graag 'n Vrouedankoffer-insameling hou. Bydraes kan wel per EFT of Snapscan gemaak word - gebruik asseblief die verwysing "Vroue".

Fil. 4:18 – "Julle gawe is voor God 'n offer met 'n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig."

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 18 Augustus 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in 'n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van 'n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleraar of blokleier hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Blikkiesgoed wat goed werk saam met pasta
- All Bran flakes
- Wheat Bix
- Meel
- Sopbestanddele
- Sout en peper
- Kruie – om die kos so bietjie geur te gee.
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
 - Shampoo
 - Deodorant
 - Wet wipes
 - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
 - Waspoeier
 - Wasgoedseep

Betanddele waar ons voorraad laag is:

- Koffie (250g)
- Tee (Gewone en Rooibos)
- Blikkies
 - Ertjies
 - Gemengde groente
- Geurmiddels soos vleisekstrak
- Blatjang
- Mayonnaise
- Tamatiesous
- Kitspoedings en jellies
- Pakkies lekkers of ander 'snacks'
- Skottelgoedseep en ander reinigers
- Wassponsies en afdroogdoeke

200 STE VERJAARDAGVIERING VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SA

23 Augustus 2020 is uiteindelik hier!! Dit is wonderlik dat ons vir die Here kan dank vir 200 jaar se verspreiding van Sy Woord! Hoeveel mense in SA het nie, deur die Bybel te lees, die Here as hulle Verlosser aangeneem nie? Ons is verstom hoe God die Bybelgenootskap in SA gebruik het en nog gaan gebruik!

Op 22 en 23 Augustus sou ons groot fees by die Bybelhuis gehou het. Die covid tyd het ons feesviering 'n bietjie gepootjie, maar die Here het met sy wysheid weer vir ons nuwe deure oopgemaak in die tyd.

- Op 22 en 23 Augustus is daar 'n **landswye “ Stap of Draf vir Bybels”**. Dan kan mense op enige plek in die land stap/draf en so geld vir Bybels insamel.
Die internet skakel hiervan is: <https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/>
- Saterdag 22 Aug. is daar by die Bybelhuis 'n **verbyry-partytjie**. Ons nooi almal wat kan en ook in besonder motorfietsryers en antieke motors - om by die Bybelhuis is Edwardstraat (regoor Tygervallei) verby te ry en ten minste die geld van een Bybel te skenk. In ruil gee ons weer vir hulle ook 'n verassingsgeskenk. Dit is tussen 9:00-13:00.
- Ons gaan Sondag 23 Augustus om 15:00 die middag 'n “virtuele “Songs of Praise” aanbied saam met Richard Cook. U kan op die Bybelgenootskap se facebook bladsy die “skakel” vir die diens kry. Dit sal die dag van 23 Aug. beskikbaar wees.
<https://www.facebook.com/biblesocietysouthafrica>

PREEKSSETS – 16 AUGUSTUS 2020

TEMA: HOE DINK JY NA OOR JOU LEWE?

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Gen.45:1 - 8

Inleiding: Mens sou op meer as 1 manier oor jou lewe kon nadink.

1. Josef sou homself baie jammer kon kry.
 - 1.1. Hy sou kon vertel dat hy regdeur sy lewe swaargekry het. Sy broers het hom as slaaf verkoop, Potifar se vrou het hom te na gekom en hy is onskuldig in die tronk gegooi.
 - 1.2. Kyk ons ook deur 'n donkerbril na ons lewens?
 - 1.3. Wat sou in dié geval van ons getuienis as kinders van die Here word?
2. Ons sou ook baie selfvoldaan oor ons lewens kon nadink.
 - 2.1. Josef sou daarop kon wys hoedat hy uitgestaan het bo sy broers, hoof van Potifar se huishouding geword het en uiteindelik onderkoning in Egipte?
 - 2.2. Is ons dalk vir onself so belangrik dat daar nie plek vir die Here is nie?
 - 2.3. Ook op dié wyse doen ons ons rol as verteenwoordigers van die Here op aarde groot skade aan.
3. Ons sou ook deur die bril van die geloof na ons lewens kon kyk.
 - 3.1. Die Josef-verhaal vertel vir ons hoedat die hand van God vanaf die begin in Josef se lewe vervleg was. Hy sê aan sy broers in Gen.45:5 "God het my voor julle uitgestuur om lewens te red".
 - 3.2. God laat vaar nie 'n goeie werk wat Hy begin het nie. Hy is altyd by ons, Hy gebruik ons selfs al is ons nie altyd daarvan bewus nie!
 - 3.3. Kom ons leef ons lewens vorentoe, wetende ons is besig om ons lewensverhaal saam met die Here te skryf!